gewoonte.

Is daar nie meer ruilhandel nie ? - O ja, daar is; die meidjies dra die goed by die mandjiesvol na die winkels toe. Dit is hulle geld, want hulle het nie kontant nie; of as hul iets wil koop, dan ruil hul die produkte wat hul in die mandjies dra vir die goed wat hul wil koop.

In watter verhouding sou die verkoop in geld staan teenoor die verruil ? - Ek dink dit is omtrent gelyk. Daar is baie naturelle wat as daar goeie pryse betaal word vir hul produkte, dan bring hul die vragte hier na Rustenburg en dan verkoop hul die goed hier vir kontant geld.

Gebeur dit ook dat hulle eers hul mielie-oes verkoop, en dan later moet hul mielies self terug koop ? - Ja, dit gebeur dat hulle misrekenings maak; dit gebeur dikwels.

U sê dit gebeur dikwels - moet hul bie koop ? - Ja, dit het tamelik dikwels gebeur dat die kapteine moet optree en die mense het moet belet om hul produkte na die winkels te vat; dit het hier gebeur dat hul die meidjies belet het om met die mielies of ander goed na die winkels te gaan. Hul het hongersnood voorsien.

Die huise wat die naturelle vir hulle self bou in hierdie distrik, is dit oor die algemeen vierkante huise ? - Hulle streef daarna om almal vierkante huise te bou. Dit is die algemene begeerte om vierkante huise te kry. Vir enige jare het hul een groot vierkante huis gehad en 'n paar rondavels, waarvan een bedoel was as kookhuis. Maar in die meeste gevalle het hulle die rondavels nou almal opgegee en net vierkante huise gemaak; die rondavels gaan so langsamerhand uit die gebruik uit en ooral bou hul nou vierkante huise. Hulle meen dat in die vierkante huise het hul groter ruimte; hulle kan meer in die hoeke berg en meer met die plekke maak.

U sê hulle huur grond op aangrensende plase ? - Ja, baie.

Word dit toegelaat ? - Ja, dit word nie belet nie.

Was dit voor die bestaande Wet gepasseer was ? - Ja.

Sodat dit net toegelaat is vir mense wat dit al van te vore gedoen het - mense wat dit gedoen het alvorens die wet ingekom het ? - Ja, ek meen dit is so.

Dus dit word nou al minder en minder ? - Ja, ek meen dat die wet dit nou belet, so dat dit minder moet word.

Nou omtrent die demonstrator. Is dit nie die geval nie, dat hy nie ver genoeg gevorder is vir die naturelle hier ? Ek weet nie hoe ver sy kennis gaan. Ek weet net alleen wat die naturelle hier vir my vertel, en dit is op daardie informasie dat ek tot die konklusie kom dat dit maar net geld verspilling is om die demonstrator hier te hou.

Hy skiet kort in die dinge wat die naturelle wil weet ? - Ja, dit is wat ek van die naturelle self hoor.

Hul moet 'n meer gevorderde man kry ? - Ja, moontlik.

Nou omtrent vangdamme. U het van vangdamme gepraat, maar sou boorgate nie beter wees nie ? - Ja, boorgate moet hul ook hê; dit is seker 'n groot behoefte hier onder ons.

Is daar hier in die naturelle lokasies geboor ? - Nee, nie hier nie. Hulle het plase gekoop met boorgate, maar daar is nog nie boorgate vir hulle gesink nie - nie hier nie. Maar in die boorgate wat die boere hier ingeset het, daar kry hul volop water.

Is dit die boorgate op die plase van die boere ? - Die naturelle hier het plase gekoop van die witmense waar boorgate was. Daar is drie boorgate nou gesink deur private naturelle. Drie van die mees vooruitstrewende naturelle het private grond gekoop en daar het hul nou in die laaste jaar

twee of drie boorgate gesink.

Op die meeste plase moet die beeste ver loop om by die water te kom ? - Ja; in hierdie maande van die jaar is die water ooral maar baie swak; daar is beeste wat ek weet moet 9 tot 10 myl loop om by die water te kom; en daar is beeste wat selfs verder moet loop; dit beteken 18 myle heen en weer. Daar is sommige plekke waar die beeste 15 myl moet loop om in die lande te kom en dan kom hulle hier water soek. Die gevolg daarvan is dat hulle nie elke dag kan water kry nie. Hulle kry dan maar net om die ander dag water, en dit verswak natuurlik die beeste. Dit is om die rede dat ek sê, dat dit baie nodig is om voorsiening te maak sodat die naturelle hier water sal kan kry.

As die beeste so ver moet loop as nou die geval is, en as hul om die ander dag oor die grond trek, dan meen dit dat hulle die grond uit trap ? - Ja, natuurlik; dit is die gevolg as hulle tyd heen en weer trek oor dieselfde pad.

Is die posisie in daardie opsig slegter as wat dit is op die plase van die witmense ? - Ek sou sê, ja, want die witmense gewoonlik maak planne vir water op hulle plase, en die naturelle is nie in staat nie om dit te doen.

Is daar nie 'n Lokale Raad nie in die lokasie ? - Ek glo hulle is besig om die Raad te stig.

Dus is daar nog nie 'n naturelle organisasie om gemeenskaplike onkoste van die aard te bestry? - Hulle het planne om die Raad te stig, maar hulle het dit nog nie gedoen nie; hulle is nog nie verder gevorder nie.

Is die lede al genomineer ? - Ja, hulle het naturelle genomineer, maar ek weet nie waar die blok is nie; ek verstaan daar is 'n blok, maar waar dit is, weet ek nie.

U sê die Kaptein is nie meer die leier nie. Is dit omdat die kaptein nie meer opgevoed word nie vir die nuwe soort van leierskap ? - Daar is sommige van die kapteins wat op hoë skole gewees het, maar hulle is net so sleg, as nie slegter nie as die wat nie opvoeding gehad het nie. Ek weet nie of die moeilikheid daar skuil; dit lyk vir my as of die moeilikheid in ander rigting gesoek moet word.

Meen U dat die hoë skole die beste opleiding sou wees vir 'n kaptein ? - Ek weet nie; maar dit is die veronderstelling dat as hy meer geleer het, dan behoort hy meer te weet as die onopgevoede naturel. Dit lyk vir my dat die moeilikheid is dat hulle hulle opleiding misbruik en later verniel hulle alles en dan verval hulle. Ek ken kapteins wat op die beste hoë skole vir naturelle gewees is, en hulle is party maal slegter as die mense wat glad geen opvoeding gehad het nie.

Sou so iets as spesiale opleiding in stam regering en in stamme wette goed wees ? - Ek kan nie sê nie.

U glo nie dat dit sou goed wees ? - Ja, ek dink so. Die Regering het 'n plan gehad om die kapteins so veel moontlik te help in die regering van hulle volk en om hulle invloed by hulle volk so sterk moontlik te maak; ek weet dit was die idee van die Regering dat so lang as die kapteins in hul bestuur van die volk nie sou ingaan teen die wette van die witmense nie, dan sou die Unie Regering hul ondersteun. Die idee was ook gewees om die wette van die naturelle in 'n soort van Wetboek in te set en by elkaar te bring; hulle het die kapteins by elkaar gehad en hulle het vir die kapteins gesê, "Skryf julle wette nou op, set hulle nou mooi by mekaar

en dan sal ons hulle laat druk sodat julle die volk deur julle eie wette kan regeer." Maar dit is die laaste wat ons van daardie voorstel gehoor het en dit het nooit verder gekom nie. Ek moet sê, dat ek daardie voorstel sterk ondersteun het. Daar kan nie die minste twyfel wees nie - die naturel het baie goeie wette gehad. Maar daar is niks van gekom nie, en elke kaptein handel volgens sy eie opinie. Dit sou goed gewees het as hulle daardie wette gedruk het en dan volgens die wette geregeer. Maar dit is nooit tot uitvoering gebring nie. Ek glo die kapteins het nooit verskyn nie. Dit sou goed wees as daar 'n opleidings skool sou wees en hulle sou kan leer wat die onderskeid is tussen die demokratiese en outokratiese regering. Hulle sou dan weet hoe om te handel met hulle mense.

VERMINDERING VAN GEBOORTE SYFERS.

Die syfers wat U vir ons gegee het oor die vermindering van geboortes; dit is net oor drie jaar ? - Ja, dit is so.

Sou U ons dit vir langer kan gee ? - Ja, ek kan U dit gee vanaf 1868 tot vandag toe.

As U dit sou kan doen, dit sou van baie groot waarde vir ons wees ? - Ek kan U al die besonderhede gee.

Kan U ons ook die aantal siele laat weet ? - Ja.

Is dit die ondervinding dat na verhouding van bevolking die aantal geboortes gedaal het ? - Ja..

Is dit die ondervinding vir 'n lang periode gewees ? - Ek kan nie dadelik sê of dit al lank so is, maar in die laaste jare is dit seker die geval gewees. Dit het so langsamerhand so geword totdat dit nou baie opvallend is.

Sedert wanneer is daar 'n daling gewees in die geboorte syfers; sou U dit kan sê ? - Ja; ek meen in die laaste 10,15 jaar

U sê daar is omtrent 5,000 siele in U gemeente ? - Ja.

Dit gee 'n laer geboorte-syfer as vir die Europese bevolking ? - Ja, dit is heeltemal moontlik. Ek kan dit glo.

Is dit U impressie dat die gemiddelde natruelle familie kleiner is as die gemiddelde Europese familie ? - Ja, in die algemeen glo ek dat dit so is. Vroeër was dit omtrent gelyk gewees, maar nou is dit heeltemal verander. Ons boere mense hier het groot families gehad; 8 tot 12 kinders was niks ongewoons nie, maar vandag het dit ook verander. Dit het minder geword.

Sluit U die onegte geboortes ook in ? - Ja, maar net alleen van die wat aan my Kerk behoor.

KINDER STERFTES.

U het vir ons syfers gegee van die sterftes van kinders wat minder as 14 jaar oud is. Sou U die syfers kan gee van kinders wat minder as een jaar oud is ? - Ja, ek sou dit kan doen.

In die 5,000 siele waarvan U gepraat het, sluit U ook in die kinders van die vaders wat Kristens is ? - Ja.

MENEER LUCAS: Kan dit gebeur dat die vader 'n Kristen is maar nie die familie nie, of dat die vrou 'n Kristen is, maar nie die familie nie ? - Daar is baie gevalle waar die vrou 'n Kristen is maar nie die familie nie; of liewer waar die vader nie 'n Kristen is nie. Daar word die vrou net alleen getel.

En die aantal sterftes; as die vrou 'n Kristen is en nie die man nie ? - Die vrou word getel.

Ja, maar as die man sterf, is die man dan nie ingesluit nie in die aantal sterftes ? - Nee, as hy nie aan die 5,000 siele van my gemeente behoor nie, dan kan ek hom nie insluit nie in die sterfte syfers van my gemeente. Dus word hy nie getel nie onder die sterftes. Dit is net alleen die siele

wat aan my gemeente behoor wat ek kan tel.

En as die vrou Kristen is, word die kinders dan getel?- Ja, hulle word gedoop en dan word hulle ingesluit in die syfers. Dit is die basis waarop ek moet werk. Ek kan net alleen die siele insluit wat aan my gemeente behoor, dit is die enigste basis wat ek het om op te werk.

VOORSITTER: Ons vind hier, net soos elders, dat daar groot begeerte is vir meer onderwys ? - Ja; die groot wens en die groot begeerte onder die naturelle is vir meer onderwys.

Waarom wil hulle die onderwys hê? - Wel, ek veronderstel hulle wil hul verbeter.

Is dit die oortuiging dat die onderwys sal hulle beter maak ? - Ja, hulle is vooruitstrewend; hulle wil vooruitgaan.

Is dit nou die idee; die witman is ons vooruit; hy het onderwys en daarom wil die naturelle ook onderwys kry ? - Hulle streef daarna om op dieselfde status te kom as die witman.

Dit is die algemene begeerte ? - Ja.

Dit is die algemene vooruitgang deur middel van onderwys wat hulle wil hê ? - U meen hulle dink nie soseer aan hulle self nie; hulle wil net sover wees as die witman.

Nee, dit is nie wat ek bedoel. As mens 'n besonder vak leer, dan gee dit U die reg om 'n beroep uit te oefen wat U 'n seker inkomste gee; maar as U onderwys in die algemeen kry, dan gee dit U nog nie die geleentheid om 'n beroep uit te oefen; onderwys in die algemeen sal U nog nie die kwalifikasie gee om 'n seker beroep uit te oefen ? - Nee, dit is nie die begeerte van die naturel nie ..

Nou wat is die idee van die naturel; wat wil hy hê - onderwys in die algemeen of onderwys wat hom in staat sal stel 'n seker beroep uit te oefen ? - My opinie is dat hulle onderwys in die algemeen beskou as 'n voordeel; hulle wil

ontwikkel, en daarby meen hulle ook dat as hulle die onderwys ontvang het, dan sal hulle ook beter werksvolk wees. Dit is byvoorbeeld die algemene idee, sover as ek dit kan sien. Hul meen dat as hul onderwys ontvang het, dan sal hul, wanneer hul uitgaan om te werk beter in staat wees om die baas te verstaan; hul sal kan verstaan wat die baas sê, en as hul dit kan doen, dan kry hul ook beter beloning, beter betaling.

Dit is meer die idee "dit is die witman se onderwys wat ons sover gebring het, ons moet dieselfde dinge hê" ? - Ja; ek meen dit is so; en daar is baie wat nog verder gaan; hul sê, "Ek wil dat my seun 'n klerk sal kan wees en dan sal hy kan verdien wat die witman verdien." Daar is baie wat op die manier redeneer en op die manier op onderwys kyk.

Is dit die ondervinding in hierdie distrik dat die jong kaffers werk ? - Ja, hulle verlaat die skole en gaan werk; hulle trek weg om te gaan werk sodra as hulle kan.

Waaraan skryf U dit toe ? - In sommige gevalle is dit dat hulle moet te lank beeste oppas, hul moet te lank vir hulle ouers werk en die ouers gee vir hul nie klere nie. Hul moet naak rondloop; dan verlaat hul die beeste en hul trek weg sodat hul in staat sal wees geld te verdien om klere te koop en ook ander dinge vir hul self te kry. Dan is daar nog die ander jong kaffertjies wat op die skole is; hul wil ook so gou moontlik weg; hul ouers gee hul klere en alles, maar hulle wil weg. Die oorsaak daarvan het ek nog nie kan uitvind nie. Ek sê vir hulle, "Kyk hoe dom is julle nou; jou pa doen alles vir julle en tog verlaat julle die skool en julle gaan werk en die paar sjielings wat jul

verdien is nie van soveel nut nie as wat jul hier sal leer." Maar mens kan sê wat jy wil, dit help tog nie; die klein kinders wil verandering kry; hul wilweg en hul het nie lus nie om te leer nie; en hul trek weg. Dit is meestal die jongetjies wat so maak, nie die meisies nie.

Is die oorsaak dat hulle wil werk ? - Nee, die oorsaak is nie dat hulle wil werk nie. Hulle wil aangeneem word en dan dink hulle, hulle is klaar. Die meeste wil graag aangeneem word en klaar kom van die skool. Dan trek hulle weg en na 'n rukkie kom hulle terug; dan bly hul weer vir 'n tydjie en dan trek hulle weer weg.

Gaan daar van hier meidjies weg om as huisbediendes te gaan werk ? - Ja, daar is baie wat dit doen.

Is die ouers daar nie teen nie ? - Wel, die grootste gedeelte sou liewer nie sien nie dat die meisies sou uitgaan, maar hul kan die meisies nie verhinder nie as hul besluit het om te gaan. Dit sou tog nie help om hulle te stop.

Waar gaan hulle ? - Na die stede. Daar is baie van hulle wat na Pretoria gaan en na Johannesburg.

Word die beswaar gemaak dat hulle betreklik gou in onsedelikheid verval ? - Ja, die merendeel van hul kom terug met kinders.

Hul kom terug ? - Ja, hulle kom gewoonlik vir hulle ontbinding na die huis toe. Dan na 'n rukkie laat hulle die kinders by die huis staan en dan gaan hulle terug na die dorp weer om ander kinders te haal, en dan kom hul weer terug.

Watter houding neem die ouers in teenoor die onegte kinders ? - Vir jare het hulle probeer om uit te vind wie die misdadiger was, en dan probeer hul vir hom te straf.

Hulle het dikwels self hofsake daarvan gemaak, maar hulle het dit nou opgegee want die moeilikhede daaraan verbonde was te groot gewees. Ek het self baie van daardie soort van gevalle gesien; ek het gesê vir die ouers, "Julle moet uitvind wie dit is en die misdadiger moet gestraf word." Maar hulle het gesê dat dit byna onmoontlik was om uit te vind en hulle het gehandsop en sodoende loop die misdadiger vry. Hulle weet glad nie wat te doen nie; die jong wat dit gedoen het loop weg en wat kan mens maak. Gewoonlik is dit die oorsaak. Die meisie word mislei, meestal deur 'n vreemde kaffer wat uit 'n ander deel van die land kom; miskien van Pietersburg, of van Mafeking, of van Swaziland of van een of ander deel; hulle ontmoet mekaar in Johannesburg of op die Witwatersrand en so gebeur die ding. As die meisie terug kom, en selfs as sy sê wie die man is, dan sê die ouers, "Hoe sal ons die man in hande kan kry; as dit nog 'n lokale man van hierdie distrik was, dan sou ons hom nog kan kry en dan sou ons hom laat straf, maar die man kom van heel ander distrik en dit is byna onmoontlik om vir hom te kry; hoe sal ons hom in hande kry uit die kraal waar hy nou is, of hoe sal ons hom op die myne loop kry?" Dit is die groot moeilikhied om iets te doen wat vir die mense mismoedig gemaak het. Sommige het stappe gedoen; hulle het selfs Johannesburg of Pretoria toe gegaan en probeer die man in hande te kry; maar in die meeste gevalle het hul die ding maar laat staan. Want dit is die moeilikheid; as die man weet dat die meisie is huistoe, dan trek hy weg en jy kry hom nooit weer nie.

MENEER MOSTERT: U is gebore in hierdie "area"? - Ja.

Kan U vir ons sê,wat is die verhouding tussen die naturel en die blanke in die laaste, sê, 10 jaar. Kan U vir ons sê, het dit verbeter, of meen U dat dit slegter

is as wat dit in vroëer dae was ? - Die verhouding tussen die naturel van die platte land, van die naturelle stade buite, en die witman is baie goed. Ek glo nie dat daardie verhouding ook maar die minste rede tot klae gee.

Weet U iets af van die kontrakte wat gemaak word tussen die naturel en die boere ? - Ja.

Word daar arbeids kontrakte gemaak ? - Ja, daar word.

Wat is meer of min die soort van kontrakte wat aangegaan word ? - Mondelikse kontrakte en dan kry hulle betaling.

Is hulle plakkers by die boere ? - Ja, gewoonlik is die kontrakte op 'n drie maandelikse werk basis.

Dit is 90 dae werk ? - Ja, gewoonlik.

Ons sien by ons rondgaan dat die veld word baie agafgebrand; kan daar nie 'n rëel gemaak word nie dat die naturel moet die brand uitmaak ? - Ons kan nie vir hom dwing nie.

Sy eie veld word baie afgebrand ? - Dit kan net gebeur deur die ope kampe; nie tussen die boere nie. Hul sou ooreenkoms kan maak met die naturelle. Ek glo nie ons kan die naturel dwing om al sy mense die vuur te laat uitmaak. Vroëer was dit so, maar vandag is dit nie meer so nie. Vroëer het die kaptein die reg gehad om vir sy volk te sê, "As die baas se veld brand dan moet jy die vuur uitslaan." Maar vandag kan die kaptein dit nie meer doen nie; as die kaptein vandag vir sy volk sou sê, "Jy moet die boer gaan help om sy vuur uit te slaan" - hul sou vir hom uitlag. Nee, die toestand is so verander dat vandag kan jy hom nie meer dwing nie om iets te doen wat hy nie wil doen nie; die enigste manier sou wees om tot 'n ooreenkoms te kom tussen die boere en die naturelle wat in die "area" bly.

Mense reken dat die naturel nog nie bekwaam is nie om sy eie besigheid te voer; wat is U opinie op daardie punt ? - Ek stem in; vir besighied is hy nog lank nie bekwaam nie

Hy kan nie met geld omgaan nie. Gewoonlik gaan die naturel, wat op besigheid ingaan vir homself, baie gou bankrot.

En met onderwys reken U hulle moet nie te vinnig gaan nie ? - Nee; op die kwessie van onderwys meen ek ons moet stap vir stap gaan; nie te vinnig nie.

Wat sal die resultaat wees as hy te gou gaan ? - Hy sal afval en hy sal dieper afval as waar hy vroëer gewees was. Daar is natuurlik sommige wat goed ontwikkel is en wat hulle ontwikkeling op die regte manier gebruik; maar dit is uitsonderings en ek meen dat as hy te snel opgevoed word, hy sal afval en hy sal dieper val as wat hy gewees was. Dit is my algemene ondervinding sover as die naturel betref. Hy moet stadig aan ontwikkel en nie probeer te vinnig te gaan.

Kan U ons van gevalle vertel waar die naturel deur die skool slim geword het en dan geval het; kan U ons van gevalle vertel waar hy te gou opgevoed word dan geval het ? - As die naturel te gou opgevoed word dan wardeer hy dit nie op die regte manier nie; eers koop hy mooi klere en hy wil allerhande dinge kry waarvoor hy nog nie geskik is nie, en per slot van rekening val hy en hy leef dan nog slegter as wat die naturel in die dorpe doen.

Is daar gevalle waar hy probeer om sy volk vooruit te help en waar hy vir hulle werk ? - Ja, daar is sulke gevalle, natuurlik; maar daar is baie ander gevalle waar mens sien dat die geleerde naturel die verkeerde rigting ingaan en waar hy die leier word van die seksies wat teen die witman en teen die Regering gaan. Dit is die ongelukkige ondervinding wat ons in baie gevalle gehad het en wat ons nou nog elke dag kry. Ons kry baie gevalle waar ons die sogenaamde geleerde naturel aantref as leiers van die

"Native Organisations" en "Native Societies" ensovoort. Daardie verenigings het almal onstaan op die dorpslokasies en dit is die dinge wat baie moeilikhede veroorsaak. Mens kry dit nie hier op die platteland nie; daardie sogenaamd geleerde naturelle kom nie hier nie; hul dra mooi klere en hulle dink hulle self te goed om onder die naturelle in die stade te kom leef. Die lewenswys van die platteland en van die gewone groot lokasies en van die naturelle stade hier is nie goed genoeg vir hulle en hulle sal nie hier kom nie. Maar nou wil hulle in die dorpslokasies woon en hulle wil as witmense daar leef en sogenaamde leiers wees onder die naturelle wat daar woon en werk. Hul is die saamsweerders, hulle is die ontevrede elemente en hulle kan nie meer saamleef met die gewone naturelle in die reserwes en in die lokasies. Die platteland trek nie meer vir hulle aan nie; dit is die groot moeilikheid. Hulle is die ontevrede elemente wat onrus verwek onder al die ander mense met wie hulle in aanraking kom.

Die toestand wat U beskryf het van die naturel en die opvoeding van die naturel, is dit miskien daaraan toe te skryf dat daar geen bedryf is wat gebruik kan maak van sy opvoeding ? - In sommige gevalle is dit so, maar daar is nog ander oorsake ook. Hy is nog nie ryp daarvoor nie om sulke opvoeding behoorlik te geniet en te waardeer. Ek sal 'n voorbeeld opnoem. Ons onderwysers is die minste wat vas bly en standvastig bly. Die grootste gedeelte val weer terug, en ongelukkig tengevolge van onsedelikheid. Ons het nou hier in die Transvaal tenminste die regulasie, dat as hul eenmaal ontslaan is tengevolge van onsedelikheid, dan

kan ons hul later weer laat aanstel. Gevalle onderwysers wat ontslaan is, kan later weer aangestel word as hul weer gerekommendeer word deur die bevoegde persone. Dit is een van die dinge wat ons hier in die regulasies het. Maar by die blanke onderwysers is dit nie so nie. As hul eenmaal ontslaan is om die rede, dan kan hulle nie weer aangestel word nie. Die grootste deel van ons swart onderwysers is onderwysers wat vroëer ontslaan was as "disqualified teachers." Dit is, volgens my opinie, 'n bewys dat hulle nog nie bekwaam en nog nie in staat is om hulle opvoeding behoorlik te geniet nie; daar is baie sulke gevalle.

Die onsedelikheid is nie daaraan toe te skryf dat by onderwysers Europese begrippe van sedelikheid toegepas word in plaas van naturelle begrippe van sedelikheid. Die Department beskou sekere handelinge van onderwysers as onsedelik omdat dit volgens Europese begrippe onsedelik is - is dit nie so nie ? - Ja...

Terwyl die volgens naturelle begrippe nie onsedelik is nie ? - Wel, as 'n persoon opgevoed is behoor hy dit te weet. 'n Opgevoede naturel behoort die onderskeid te weet tussen sedelikheid of onsedelikhied.

Die begrip van die naturel wat nog nie in aanraking gekom het met die blanke is verskillend van die begrip van die een wat wel met die blanke in aanraking gekom het. Is die sedelikheidsbegrip dieselfde ? - Die verleiding van 'n jong meisie was by die heidens self iets wat hul nie toegelaat het nie. Dit was onder die heidendom iets wat baie strafbaar was, en dit bestaan vandag nog net so sterk. In daardie opsig is die heidens net so sterk teen onsedelikheid as wat die witmense is.

MR. LUCAS: Was the seduction punished, or only if a child was born ? - No, the seduction was also punished.

In many tribes intercourse was allowed so long as no child was born ? - That is with the Zulus, but not with the other tribes. It is an old custom with the Zulus. The young girl is warned not to allow it to go so far, but if it should come so far that the girl becomes pregnant and a child is born it is the girl who is blamed more than the man, because it is held that the girl should have seen to it that it did not come so far. But that is only among the Zulus, and the custom originated during the reign of the Chief Chaka. That was his law. But even with the Zulus, it was not so with all of them. The law was made by Chaka for his soldiers. It was laid down by him that they could use the young girls, but they had to look out. But that is not so with the natives here. Here it was punished very severely, and even to-day the natives want to punish these people as much as possible, but they cannot find them; that is the whole trouble.

MR. MOSTERT: I meant to have asked you about the hiring of natives on European farms. On what conditions do they hire the ground ? Is that on the whole of the farm ? - Where old contracts exist they either get a piece of ground or they get payment.

What part of the land do they get ? - The owner of the farm gets one-third; that is to say, the farmer gets one-third of what the native produces in crop.

MR. LUCAS: You have told us about the block of land owned by the tribe - you said it was about 60,000 morgen ? - Yes, it would be about that.

And I understand from you that the water supply is inadequate there ? - Yes, that is so.

If the water supply were adequate, then their land would be enough for their needs ? - Yes, I think so. They have enough land now. If the administration were good and if the land were divided properly, they would have quite enough. That was what I tried to indicate.

They would have quite enouhh land even with the water they have now ? - No, the water is another question altogether. What I said was that I would rather see the money, which is now spent on the demonstrator, used for the construction of conservation dams, because at the present moment they have not got enough water for the purposes of cultivation.

Have they got enough water now; that is the point ? - No, they have not.

If they have not got enough water, and they have land without water, it really comes to this, that the land is quite useless ? - No, I am not prepared to go as far as that. They can use it, if they get rains. After all, these are dry lands.

But from the native point of view, grazingis a very important factor ? - That is so.

And they must have grazing for their cattle ? - Yes, certainly they must have grazing for their cattle; they cannot do without it.

At certain times they have not got enough water and consequently the cattle cannot get water. Now, to what proportion of the grazing land would you say that that applies; would you say that that applies to one-half or to one-quarter of their grazing land ? - Well, here unfortunately it applies to the whole of their grazing. They are using about 25,000 morgen for their lands and the rest they are using for grazing.

But that land is short of water to-day ? - Yes, that is so. That is for this one tribe. They have to go

from nine to fifteen miles for their water. They are ploughing, but they have to go too far to get water for themselves and for their cattle. The lands are very far from their stads. They have no river close by although through another of their properties they have a river running. There is plenty of water in that river, it is the Hex River, and they take their cattle there for watering, and they fetch their water from that river for the gardens. It is the same distance to that river as it is to the dam.

You have a dam then ? - Yes, we have a big tribal dam which cost us £600 to construct.

Now, in your location, is the land allotted by the chief, or by whom are the lands allotted? A man lives in a location and he has to have lands. Now, who tells him which of these lands he can plough ? - The chief does.

And if the chief tells him that he can have a particular piece of land this year, does he claim then to have the same piece of land the next year as well ? - Usually he can use it for years. It is tribal land and as longas he belongs to this tribe he can use that particular piece of land.

So that it comes to this, that once the land is given to him it belongs to him and to his family ? - Yes, it belongs to him and his family so long as he remains with that particular tribe, so long as he is a member of that tribe. That is the usual custom.

And if he dies and there are only young children, does it mean that that land can be kept idle until the youngchildren are grown up ? - Yes, it does mean that, but generally speaking the women use it, and if the wife also dies then

usually there are relatives who plough the land for the children. I think you will find that the general custom here, and also among the other tribes.

Is there much land kept out of use in that way ? - Yes, I suppose there is.

It is a serious question then ? - Yes.

And it applies not only to the land but to the plots as well in the location ? - Yes, and as I have said, that is due to what I call bad administration.

And that accounts for the ruins which we saw in the stads yesterday ? - Yes. They do not allow anyone to go and build there. They say the family of the child must go and work there. The son perhaps does not dream of going to build there, yet the land remains idle. I have had occasions where a son comes from Johannesburg, he marries a woman, and he applies for a new plot of ground; he does not use that ruined plot, but he gets another place, and yet they keep that ruin lying there. I have talked this matter over with the chiefs but nothing will convince them.

DR. ROBERTS: Is there nothing to be said as an advantage in keeping such a piece of ground for the family ? - Not in a place like that, in a village. It has the effect of making the village look ugly to have so many ruins. And that has been going on for years. They should allow the people to build there, so that they can improve their own village. A municipality of white people would never allow such a state of affairs.

MR. LUCAS: Yes, they do, unfortunately ? - Well, if someone wants to build a house he must send in an application to the Municipality and he must ask if he can build there and he has to state what kind of a house he is going to build

**Collection Number: AD1438**

**NATIVE ECONOMIC COMMISSION 1930-1932, Evidence and Memoranda**

***PUBLISHER:***
*Collection funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.